



# LOURENSRIVIER – FEESMARK

## 25 Oktober – 9 November 2019

### INLIGTINGSTUK

Liewe uitstaller

Baie welkom by Lourensrivier - Feesmark!

Ons keuringskriteria en voorwaardes wat nagekom moet word is:

- ☺ **ENTREPRENEURS met hul handgemaakte artikels sal die meeste aftrek geniet.**
- ☺ **Goeie kwaliteit is noodsaaklik.**
- ☺ **Billike pryse. Die Feesmark is hoofsaaklik gerig op die aankoop van kersgeskenke en duur items verkoop moeilik.**

Die Feesmark is gerig op die aankoop van Kersgeskenke en daarom poog ons om 'n wye verskeidenheid van artikels aan te bied vir verkope. Lourensrivier Gemeente tree bloot as agent op wat vrygestel is van enige belastingverpligtinge.

Die Produklys word met die Keuring ingeneem en moet asseblief volledig ingevul word. Maak asseblief seker dat u die verkoopprys, wat tydens die Feesmark van toepassing gaan wees, hierop aanbring.

### KEURING: Saterdag, 25 Mei 2019

Almal moet 15 minute voor hul tydgleuf daar wees om hul artikels betyds te kan uitpak en so gou as moontlik na die keuring weer oppak.

Sien no 3 Keuring, vir die tye, dit sal stiptelik op die uur begin. (Verskeie markte se verteenwoordigers sal daar wees.)

**TEKEN ASSEBLIEF HIERDIE DATUM AAN AANGESIEN U NIE WEER HIERAAN HERINNER WORD NIE.**

### BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE FEESMARK:

#### 1. Datum en waar

**25 Oktober – 9 November 2019**

Die Feesmark vind plaas in die kerksaal van Lourensrivier Gemeente, op die hoek van Broadway en Da Gama straat, Strand. Dit is op die hoofroete na Gordonsbaai. Die gemeente beskik oor 'n ruim saalkompleks met 'n groot parkeerarea wat daaraan grens.

#### 2. Besigheidsure

Die Feesmark sal **weekeksdae vanaf 09:00 tot 19:00** en **Saterdag vanaf 09:00 tot 17:00** oop wees.

#### 3. Keuring

Alle aansoekvorms moet deur die uitstaller geteken wees. Dit sal wonderlik wees indien alle **aansoekvorms ons nie later as Woensdag, 22 Mei 2019 bereik nie**, maar jy sal ook nog die dag van die keuring aansoek kan doen. (Dit vergemaklik ons administrasie indien u vroeg aansoek doen)

U kan dit: **By die kerkkantoor** inhandig (tussen 08:00 tot 16:00)

**Faks:** (021) 853 8009 **E-pos:** [lourensrivierfeesmark@gmail.com](mailto:lourensrivierfeesmark@gmail.com)

**Pos aan:** NGK Lourensrivier-Strand, Lourensrivier- Feesmark, Jenningsstraat 55, Strand, 7140

U sal voor of op **30 Junie 2019** in kennis gestel word of u artikels goed gekeur is vir Lourensrivier Feesmark.

Alle eetgoed moet die volgende bevat: Vervaldatum; belangrike inligting rakende die berging van die produk, bv. Op 'n rak of in die koelkas (voor of na opening).

Op die keuringsdag moet u voorbeelde van die ware wat u gaan verkoop aan die keuringspaneel voorlê. **Pryse wat u gaan vra tydens die Feesmark MOET OP DIE ARTIKELS voorkom, asook op die produklys.** U besluit self in watter kategorie u ware val. *Indien u in meer as een kategorie val, kies die kategorie waar u die meeste artikels sal hê en kom net tydens daardie tydgleuf.* In die eetgoed kategorie moet u asseblief vir ons proesels in 'n sakkie, met u naam daarop, op die tafel neersit. Onthou om dit met "Lourensrivier Feesmark" te merk, want daar gaan verskeie markte teenwoordig wees!

**NB Onthou om jou produklys met pryse en hoeveelheid stickers benodig op die tafel neer te sit vir die keurders om in te neem!!!**

09:00 - 10:00 Juwele; Krake

10:00 - 11:00 Naaldwerk, Lapverf, Breiwerk en Hekelwerk

11:00 - 12:00 Kerse, Pottebakkerie, Glas, Plante, Porselein en Badprodukte

12:00 - 13:00 Eetgoed

14:00 - 15:00 Hout, Metaal, Leer en Rottang

15:00 - 16:00 Skilderye, Kaartjies, Allerlei, Geskenke en Speelgoed

**Indien u nie self teenwoordig kan wees nie, moet u reël dat iemand vir u instaan. Sou u uitstalware op die keuringsdag nie daar wees nie, word u gediskwalifiseer.** Al was u vorige jare 'n uitstaller, moet u nog steeds kom. Ons kan u immers nie aanvaar indien ons nie u ware gesien en gekeur het nie!

#### 4. Registrasiegelde en Kommissie

Registrasiegeld vir die duur van die Feesmark (14 dae) beloop **R500 per tafel** (dws 2 tafels = R1000 en 'n  $\frac{1}{2}$  tafel = R250). Dit is betaalbaar voor of op **31 Augustus 2019**. Deposito's is nie terugbetaalbaar nie. **Ons bank besonderhede: NGK Lourensrivier-Strand, ABSA Tjek rek, Rek no: 420 580 231, takkode: 334312. Gebruik asb "Fees" en u naam en van as verwysing by inbetalings!!!!** **17% Kommissie** van alle verkope word aan die Kerk afgestaan. U moet dus u artikels so merk dat die **17% reeds ingesluit is**. Maak asseblief voorsiening vir diefstal en breekskade. Artikels se pryse mag nie verhoog of verminder word tydens die Feesmark nie - ook nie na die keuringsdag nie. Rond asseblief u verkoopsprys af tot die naaste R1.

#### 5. Tafels

Die tafels is min of meer so groot soos 'n kamerdeur, ongeveer 180cm x 90cm, maar die mates mag wissel. Ons sal so ver moontlik aan u versoeke (soos op aansoekvorm ingevul) probeer voldoen. Daar sal hessien op die tafels wees, maar u mag u eie tafeldoek ook gebruik.

#### 6. Uitpak en Opruim

Die saal sal op **Donderdag, 24 Oktober 2019 vanaf 13:00 - 19:00** oop wees vir uitpak. U is self verantwoordelik om u artikels uit te pak en uit te stal. In gevalle waar die uitstaller nie self teenwoordig kan wees nie, moet reëlings self getref word. **Ekstra voorraad moet onder u tafel gebêre word**. Ons verantwoordelikheid ten opsigte van sekuriteit begin om 19:00.

Die Feesmark eindig Saterdag, 9 November 2019 om 17:00. **U moet (of die persoon met wie u gereël het) om 17:00 in die kerk wees vir die amptelike afsluiting waarna u mag begin oppak (± 17:30).** Om 17:00 word die saal se deure toegemaak om die kliënte wat nog in die saal is kans te gee om klaar te maak. **U mag onder geen omstandighede begin opruim voor die amptelike afsluiting nie.** Die saal moet nog dieselfde middag ontruim word. **U het tyd tot 19:00 om u artikels op te pak.** Ondervinding uit die verlede noop ons om 'n boete van 30% van u omset te verhaal indien u voor die afsluiting oppak. Dieselfde reël geld ook indien u tafel gedurende die mark nie oor die voldoende voorraad beskik nie.

By voorbaat baie dankie vir u samewerking in dié verband. Die veiligheid en sekuriteit van ons uitstallers en hul uitstalware is vir ons baie belangrik, daarom kan ons geen uitsondering maak nie. Voorsorgmaatreëls ten opsigte van skade of verlies sal sover moontlik deur die reëlingskomitee getref word. **Lourensrivier Gemeente en die reëlingskomitee dra egter nie verantwoordelikheid vir enige skade of verlies wat gely word nie.**

#### 7. Proesels op tafels

Alle proe souse moet asseblief in spuit bottels met labels wees. Indien dit 'n tipe konfynt of dik sous is, knip net die bottel se kop groter. Prudukte wat stukke in het, kan in 'n bakkie gesit word. Dit is om te keer dat dit uitdroog op die tafel, om higiëniese redes en om vermorsing vir die uitstallers te verminder.

#### 8. Toesig / Sekuriteit

U het nie nodig om die hele tyd self by die Feesmark teenwoordig te wees nie, maar ons versoek u, as uitstaller, om minstens **2 diensbeurte van 2 uur elk** gedurende die Feesmark te doen. (Indien u nie self kan nie, wys asseblief iemand aan om u te verteenwoordig). Uitstallers van duur juweliersware is persoonlik verantwoordelik vir toesig by hul uitstalling. Skakel asseblief vir Lizette by 083 500 5400 om u diensbeurt aan te teken. Alle ekstra toesighouers is verantwoordelike persone wat na die beste van hulle vermoë u belange op die hart sal dra. Uitstallers wat nie diens kan doen nie kan vooraf 'n addisionele fooi van **R100 / diensbeurt** betaal (verkieslik saam met registrasie) sodat daar iemand in jul plek gereël kan word. Daar sal **R150 / diensbeurt** van 'n uitstaller, wat versuim om op te daag vir diens, se uitbetaling verhaal word.

#### 9. Sentrale Betaalpunt

Daar is 'n sentrale betaalpunt by die uitgang met 'n kredietkaartfasiliteite.

#### 10. Betaling

U betaling sal teen **30 November 2019** direk in u bankrekening inbetaal word. Dit is dus baie belangrik dat u sal seker maak dat ons u korrekte bankbesonderhede het!!! *Geen kontant uitbetalings sal gedoen kan word nie.*

#### 11. Prysetikette

Ons sal die prysetikette vir u druk en aan u stuur. Dit is baie belangrik dat die beskrywing (**nie langer as 23 karakters nie**) en prys duidelik op die aansoekvorm ingevul en op die keuringsdag ingegee word. Dit is waarvolgens ons die prysetikette uitdruk. Elke artikel moet duidelik en op 'n gladde, plat oppervlak gemerk word sodat die skandeerder dit maklik kan lees. Indien dit 'n baie klein artikel is sal ons u aanraai om die artikel op 'n karton te plak of in 'n sakkie te sit en dan die etiket daarop te plak. **Items sonder prysetikette sal nie aanvaar word nie.**

#### 12. Reklame

Daar word wyd reklame gedoen voor en tydens die Lourensrivier Feesmark, onder meer met plakkate, baniere, strooibiljette, in die plaaslike pers en oor die radio. Onthou om dit in gedagte te hou wanneer u voorraad beplanning vir die Feesmark doen!

Indien u enige idees het om ons te help, kontak ons asseblief.

Ons Feesmark kan alleenlik 'n sukses wees met u deelname en ondersteuning. Ons sien uit om u weer te sien of te ontmoet en vra u voorbidding vir 'n geseënde Feesmark 2019.

Vriendelike Feesmarkgroete.

**Lizette Pieters**

**Nms LOURENSRIVIER-FEESMARKKOMITEE**

083 500 5400 of kerkkantoor - 021 853 5991



**LOURENSRIVIER – FEESMARK**  
**25 Oktober – 9 November 2019**  
**AANSOEKVORM vir REGISTRASIE**

<b>Faks:</b> 021 853 8009 <b>Tel :</b> 021 853 5991 (kerkkantoor) <b>E-pos:</b> <a href="mailto:lourensrivierfeesmark@gmail.com">lourensrivierfeesmark@gmail.com</a> <b>Navrae:</b> Lizette 083 500 5400	<b>ONTHOU:</b> • Vul asb. aansoekvorm volledig en duidelik in. <b>Keuring van aansoeke: Sa. 25 Mei 2019</b>
---	---

<b>1. NAAM &amp; VAN</b>				
<b>2. POSADRES</b>				
	<b>KODE:</b>			
<b>3. E-POS</b>				
<b>4. TELEFOONNOMMERS</b>	<b>Sel</b>		<b>H</b>	
	<b>W</b>		<b>Ander</b>	
<b>5. U BANKBESONDERHEDE</b> (Maak asseblief baie seker dat ons AL die korrekte inligting het)	<b>REK NAAM:</b>			
	<b>REK NO:</b>			
	<b>NAAM VAN BANK:</b>			
	<b>TAK KODE:</b>	<b>TIPE REK:</b>		
<b>6. DUI ASSEBLIEF AAN IN WATTER KATEGORIE U GAAN VERKOOP/UITSTAL</b>				

Juwele		Krale					
Naaldwerk							
Kerse	Pottery		Glas		Plante		Porselein
Geskenke	Badprodukte		Speelgoed		Droë blomme		
Eetgoed							
Hout	Metaal		Leer		Rottang		
Skilderye	Kaartjies		Allerlei				

(Hierby aangeheg is 'n lys waarop u elke item MET SY VERKOOPPRYS moet invul – hierdie vorm moet op die laatste tydens die keuring op 25 Mei 2019 ingelewer word.)

<p><b>7. Lourensrivier Gemeente aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verliese of beskadiging wat mag plaasvind gedurende die mark nie.</b></p> <p>Streng toesig sal egter deurentyd in die saal toegepas word. 'n Privaat sekuriteitsmaatskappy sal 24 uur noodbystand verleen. Registrasiegeld vir die duur van die Feesmark (14 dae) beloop <u>R500 / tafel</u> of <u>R250 / ½ tafel</u>. <u>17% Kommissie</u> van alle verkope word aan die Kerk afgestaan. <b>Indien u gekeur word vir ons mark mag u onder geen omstandighede begin opruim voor die amptelike afsluiting op 9 Nov nie. 'n Boete van 30% sal van u omset verhaal word indien u voor afsluiting oppak.</b></p>
--

**Ek het die inligtingstuk deeglik deurgelees en onderneem om by al die reëlings te hou.**

\_\_\_\_\_  
HANDTEKENING van Uitstaller

\_\_\_\_\_  
DATUM

